# Eenheid 1 Vra vrae en beantwoord vrae oor die lewe en kwaliteite van goeie leiers

**SLEUTELVRAAG**
Wat is 'n leier?

**Leiers** – mense na wie ander luister en wat hulle navolg


Dink aan die mense wat jy ken wat ander lei. Dit kan jou skoolhoof wees, 'n godsdienstige leier of die kaptein van 'n sportspan. Dit kan iemand wees na wie mense luister omdat hulle hom of haar respekteer.

**Leiers** is mense na wie ander luister en wat hulle om verskeie redes navolg. Leiers is nie altyd beroemd nie – gewone mense kan ook leiers wees.

Op bladsy 114–116 is daar foto's van sommige Suid-Afrikaanse leiers wat jy dalk sal herken.

## Aktiwiteit

1. Was jy al ooit in 'n posisie van leierskap? Was dit vir jou maklik of moeilik?
2. Bespreek hierdie idees met jou maat. Skryf dan jou antwoorde neer.
   a) Noem drie mense wat jy ken en bewonder of respekteer. Sê hoekom jy hulle bewonder.
   b) Noem iemand wat jy ken wat vir jou 'n belangrike lewensles geleer het. Wat was die les?
   c) Noem 'n vriend wat jou in 'n moeilike tyd gehelp het. Wat het hy of sy gedoen om jou te help?



Aartsbiskop Desmond Tutu: Leier van die Anglikaanse Kerk van Kaapstad, hoof van Suid-Afrika se Waarheid- en Versoeningskommissie, anti-apartheidsaktivis, wenner van die Nobelprys vir Vrede in 1984.